293
Millers Ing
BEACONHUIS
MEADESTRAAT 123
GEORGE
6530

Opgestel deur my

TRANSPORTBESORGER
~~Bosman H S~~
Hoffmann, A

SEëLREG
DUTY R..............

FOOI
FEE R. 400 6?

FOR FURTHER ENDORSEMENTS SEE
VIR VERDERE ENDOSSEMENTE SIEN ... 6

T 000049073 / 2003

# TRANSPORTAKTE

HIERBY WORD BEKEND GEMAAK DAT

~~Elizabeth Johanna McCaul~~ **ALIDA HOFFMANN**

voor my verskyn het, REGISTRATEUR VAN AKTES, te KAAPSTAD, hy die genoemde komparant synde behoorlik daartoe gemagtig deur 'n Volmag aan hom verleen deur

**Die Likwidateur van**
**KRAAIBOSCH PROPERTY DEVELOPMENT (EIENDOMS) BEPERK (IN LIKWIDASIE)**
**Nr. 1996/001738/07**

geteken te BELLVILLE op 14 Februarie 2003

For Information Only

En genoemde Komparant het verklaar dat

NADEMAAL die eiendom op 5 Oktober 2000 verkoop is deur KRAAIBOSCH PROPERTY DEVELOPMENT (EIENDOMS) BEPERK NR 1996/001738/07 aan ANDRIES JONATHAN CALITZ Identiteitsnommer 570502 5102 00 7 getroud buite gemeenskap van goed of genomineerde;

En nademaal KRAAIBOSCH PROPERTY DEVELOPMENT (EIENDOMS) BEPERK gelikwideer is op 21 November 2002;

EN NADEMAAL die Likwidateur van KRAAIBOSCH PROPERTY DEVELOPMENT (EDMS) BEPERK Nr 1996/001738/07 die verkoping bevestig het;

EN NADEMAAL die koper die ondergemelde maatskappy genomineer het as transportnemer;

NOU DERHALWE word die ondergemelde eiendom hierby sedeer en transporteer aan en ten gunste van

**ONE TURN TRADING 41 (EIENDOMS) BEPERK**
**Nr. 2002/022957/07**

diese Opvolgers in titel of Regverkrygendes,

GEDEELTE 278 (GEDEELTE VAN GEDEELTE 1) VAN DIE PLAAS
KRAAI BOSCH NR 195
IN DIE MUNISIPALITEIT EN
AFDELING GEORGE
WES-KAAP PROVINSIE;

GROOT 8,0000 (AGT KOMMA NUL NUL NUL NUL) Hektaar

SOOS MEER VOLLEDIG sal blyk uit Kaart nr LG 5715/2002 en gehou kragtens Transportakte Nr T27473/1997;

A. ONDERHEWIG aan die voorwaardes verwys na in Transportakte Nr T 10119/1919.

B. ONDERHEWIG VERDER aan die spesiale voorwaardes vervat in *Grondbrief gedateer 23 April 1913 (George Erfpagte Folio. 15 Nr 11)* welke voorwaarde soos volg lees:

For Information Only

"That the said land (Kraai Bosch) shall be subject to all such duties and regulations as either are already or shall in future be established respecting lands held on similar tenure."

C. ONDERHEWIG VERDER aan die bepalings van die serwituut verwys na in die endossement gedateer 16 November 1944 op Transportakte Nr T 6136/1941, welke endossement soos volg lees:

"By Notarial Deed No 348 dated 30.10.1944 the owner and his successors in title of the land held under paras. 3 to 6 hereof has given and signified his consent to the construction of certain waterworks over the said ppty. by the Mun. of George affecting the riparian rights of the land held under the said paras. of this deed subject to condition as will more fully appear on reference to the said Not. Deed vide copy annexed hereto."

D. Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr K493/77S is die binnegemelde eiendom ONDERHEWIG aan 'n serwituut met betrekking tot die verdeling van Water kragtens 'n Bevel van die Waterhof (Waterhof Distrik Nr ...) gedateer 3.6.77 soos meer volledig sal blyk uit die afdruk van die bevel aangeheg aan Serwituutakte Nr K493/77S.

E. Kragtens Serwituut Nr 15/72 is die binnegemelde eiendom onderheig aan 'n serwituut met betrekking tot die verdeling van water kragtens 'n Bevel van die Waterhof (Waterhof Distrik No Cape), gedateer 26.5.71 soos meer volledig sal blyk uit die afdruk van die bevel aangeheg aan Serwituut Nr 15/72.

F. Kragtens Minister se Toestemming Nr 36198 gedateer 19/8/2002 hierby aangeheg, soos opgelê DEUR EN TEN GUNSTE VAN DIE Minister van Landbou kragtens die bepalings van Artikel 4(2) van Wet 70/70 is die binnegemelde eiendom onderhewig aan die voorwaarde dat dit slegs vir doeleindes van 'n vulstasie, hotel en relevante gebruike aangewend mag word.

For Information Only

G. ONDERHEWIG VERDER aan die volgende voorwaardes opgelê kragtens die bepalings van Artikel 49 van die Wet op Suid Afrikaanse Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie 1998, Wet 7/98, naamlik:

"Met die uitsondering van bestaande bouwerke, mag geen bouwerk of enigiets anders hoegenaamd sonder die skriftelike goedkeuring van die Agentskap binne 'n afstand van 20 meter, gemeet vanaf die nasionale padreserwegrens, opgerig word nie."

H. KRAGTENS die bepalings van Artikel 42 van Ordonnansie 15/85 opgelê deur die Munisipaliteit is die binnegemelde eiendom onderhewig aan 'n ewigdurende serwituut reg van weg onderskeidelik:

(i) 6 (SES) meter wyd van welke middellyn voorgestel word deur die lyn MNPQRST en

(ii) 10 (TIEN) meter wyd van welke middellyn voorgestel word deur die lyn TU

op Kaart LG Nr 5715/2002 hieraan geheg ten gunste van die Munisipaliteit van George;

For Information Only

am

WESHALWE die komparant afstand doen van al die regte en titel wat

**DIE LIKWADATEUR VAN KRAAIBOSCH PROPERTY DEVELOPMENT (EIENDOMS) BEPERK (IN LIKWIDASIE) NR. 1996/001738/07**

voorheen op genoemde eiendom gehad het, en gevolglik ook erken het dat dit geheel en al van die besit daarvan onthef en nie meer daartoe geregtig is nie en dat, kragtens hierdie akte, bogenoemde

**ONE TURN TRADING 41 (EIENDOMS) BEPERK Nr. 2002/022957/07**

diese Opvolgers in titel of Regverkrygendes, tans en voortaan daartoe geregtig is, ooreenkomstig plaaslike gebruik, behoudens die regte van die Staat en ten slotte erken dit dat die verkoopprys die bedrag van **R604 200,00 (SESHONDERD EN VIERDUISEND TWEEHONDERD RAND)** beloop.

TEN BEWYSE WAARVAN ek, genoemde Registrateur, tesame met die Komparant hierdie Akte onderteken en dit met die ampseël bekragtig het.

Onderteken, verly en met die ampseël bekragtig op die kantoor van die Registrateur van Aktes te Kaapstad op 4 Junie 2003

q.q.

In my teenwoordigheid

**REGISTRATEUR VAN AKTES**

For information only

J-

Maatskappy Nommer

GEWYSIG KRAGTENS ART. 4 (1) (b) VAN WET 47 VAN 1937 OM TE LEES:

AMENDED IN TERMS OF SECTION 4 (1) (b) OF ACT 47 OF 1937 TO READ:

"2002/029987/07"

BC 000075663/2004

18 OCT 2004

REGISTRATEUR/REGISTRAR

SERTIFIKAAT VAN GEREGISTREERDE TITEL UITGEREIK
CERTIFICATE OF REGISTERED TITLE ISSUED

TEN OPSIGTE VAN
IN RESPECT OF Gedeelte 282 (Ged. v. Ged. 278) Plaas Kraai Bosch no 195 = 1,1790 ha

RESTANT
REMAINDER 6,821 ha

T 000101859/2004

18 OCT 2004

REGISTRATEUR/REGISTRAR

DIE NAAM VAN DIE Transferee THE NAME OF THE

IS VERANDER NA HAS BEEN CHANGED TO

Garden Route Gateway PLAZA (Pty) Ltd.

BC [illegible] 43351/2005

[illegible]

REGISTRATEUR/REGISTRAR

FOR FURTHER ENDORSEMENTS SEE
VIR VERDERE ENDOSSEMENTE SIEN 8

For Information Only

Restant

| VERBIND | MORTGAGED |
|---|---|
| VIR FOR R 3 000 000,00 | |
| B 000128457 / 2006 | [signature] |
| 07 DEC 2006 | REGISTRATEUR/REGISTRAR |

For Information Only

FEE

R........95:00

Opgestel deur my

TRANSPORTBESORGER
T SNYMAN

DATA / V...

04 NOV 2004

VAN ...

| VERHUUR AAN | LEASED TO |
|---|---|
| Sasol Oil (Pty) Ltd | |
| VIR / FOR 25 | JAAR VANAF / YEARS FROM |
| K ...195 L | |
| 18 OCT 2004 | REGISTRATEUR VAN AKTES |

DATA / CAPTURE

01 NOV 2004

DE VILLIERS A

T 000101859/2004

**SERTIFIKAAT VAN GEREGISTREERDE TITEL**

(Uitgereik kragtens die bepalings van Artikel 43 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Nr 47 van 1937)

NADEMAAL

**ONE TURN TRADING 41 (EIENDOMS) BEPERK**
**Nr 2002/029957/07**

AANSOEK gedoen het om die uitreiking aan die Maatskappy van 'n Sertifikaat van Geregistreerde Titel kragtens Artikel 43 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, ten opsigte van die hierondergenoemde grond, synde gedeelte van die grond geregistreer op die Maatskappy se naam kragtens Transportakte Nr T 49073/2003;

SO IS DIT dat ingevolge die bepalings van genoemde Wet, ek die Registrateur van Aktes te KAAPSTAD hierby sertifiseer dat voornoemde

VIR ENDOSSEMENTE KYK BLADSY 6

**ONE TURN TRADING 41 (EIENDOMS) BEPERK**
**NR 2002/029957/07**

diese opvolgers in titel of regverkrygendes

die geregistreerde eienaar is van

**GEDEELTE 282 (GEDEELTE VAN GEDEELTE 278)**
**VAN DIE PLAAS KRAAI BOSCH NR 195**
**IN DIE MUNISIPALITEIT EN**
**AFDELING GEORGE**
**WES-KAAP PROVINSIE;**

**GROOT:** **1,1790 (EEN komma EEN SEWE NEGE NUL)**
**Hektaar;**

**SOOS MEER VOLLEDIG SAL BLYK** uit aangehegte Kaart Nr LG 598/2004 en **GEHOU** kragtens Transportakte Nr T 49073/2003;

A. ONDERHEWIG aan die voorwaardes verwys na in Transportakte Nr T10119/1919.

B. ONDERHEWIG VERDER aan die spesiale voorwaardes vervat in Grondbrief gedateer 23 April 1913 (George Erfpate Folio 15 Nr 11) welke voorwaarde soos volg lees:

"That the said land (Kraai Bosch) shall be subject to all such duties and regulations as either are already or shall in future be established respecting lands held on similar tenure."

C. ONDERHEWIG VERDER aan die bepalings van die serwituut verwys na in die endossement gedateer 16 November 1944 op Transportakte Nr T6136/1941, welke endossement soos volg lees:

/L

"By Notarial Deed No. 348 dated 30.10.1944 the owner and his successors in title of the land held under paras. 3 to 6 hereof has given and signified his consent to the construction of certain waterworks over the said ppty, by the Mun. of George affecting the riparian rights of the land held under the said paras. of the deed subject to conditions as will more fully appear on reference to the said Not. Deed vide copy annexed hereto."

D. Kragtens Notariële Akte van Serwituut Nr K493/77S is die binnegemelde eiendom ONDERHEWIG aan 'n serwituut met betrekking tot die verdeling van Water kragtens 'n Bevel van die Waterhof (Waterhof Distrik Nr ...) gedateer 3.6.77 soos meer volledig sal blyk uit die afdruk van die bevel aangeheg aan Serwituutakte Nr K493/77S.

E. Kragtens Serwituut Nr 15/72 is die binnegemelde eiendom ONDERHEWIG aan 'n serwituut met betrekking tot die verdeling van water kragtens 'n Bevel van die Waterhof (Waterhof Distrik No Cape) gedateer 26.5.71 soos meer volledig sal blyk uit die afdruk van die bevel aangeheg aan Serwituut Nr 15/72.

F. Kragtens Minister se Toestemming Nr 36198 gedateer 19/8/2002 aangeheg aan Transportakte Nr T49073/2003, soos opgelê deur en ten gunste van die Minister van Landbou kragtens die bepalings van Artikel 4(2) van Wet 70/70 is die binnegemelde eiendom ONDERHEWIG aan die voorwaarde dat dit slegs vir doeleindes van 'n vulstasie, hotel en relevante gebruike aangewend mag word.

G. ONDERHEWIG VERDER, soos vervat in Transportakte Nr T 49073/2003, aan die volgende voorwaardes opgelê kragtens die bepalings van Artikel 49 van die Wet op Suid Afrikaanse Padagentskap Beperk en op Nasionale Paaie 1998, Wet 7/98, naamlik:

"Met uitsondering van bestaande bouwerke, mag geen bouwerk of enigiets anders hoegenaamd sonder die skriftelike goedkeuring van die Agentskap binne 'n afstand van 20 meter, gemeet vanaf die nasionale padreserwegrens, opgerig word nie."

H. Kragtens die bepalings van Artikel 42 van Ordonnansie 15/85 soos meer volledig vervat in Transportakte Nr T 49073/2003 en opgelê deur die Munisipaliteit is die binnegemelde eiendom onderhewig aan 'n ewigdurende serwituut reg van weg onderskeidelik:

(i) 6 (SES) meter wyd van welke middellyn voorgestel word deur die lyn MNPQRST; en

(ii) 10 (TIEN) meter wyd van welke middellyn voorgestel word deur die lyn TU

op Kaart LG Nr 5715/2002 geheg aan Transportakte Nr T 49073/2003, ten gunste van die Munisipaliteit van George.

(Welke Serwituut, die middellyn daarvan, nou voorgestel word deur die lyn bcd en ab onderskeidelik op Kaart Nr LG 589/2004 aangeheg hierby)

I. Kragtens Notariële Akte Nr K498/2003 gedateer 22 April 2003 is die binnegemelde eiendom ONDERHEWIG aan 'n ewigdurende serwituut van Reg van Weg onderskeidelik:

(i) 6 (SES) meter wyd van welke middellyn voorgestel word deur die lyn MNPQRST; en

(ii) 10 (TIEN) meter wyd van welke middellyn voorgestel word deur die lyn TU

op Kaart LG Nr 5715/2002 aangeheg by Transportakte Nr T 49073/2003 ten gunste van Kraaibosch Property Development (Eiendoms) Beperk en sy opvolgers in titel van

Restant van Gedeelte 1 van die Plaas Kraal Bosch No 195
In die Munisipaliteit en Afdeling van GEORGE
Wes-Kaap Provinsie;

| | |
|---|---|
| GROOT: | 251,4793 Hektaar |
| GEHOU: | kragtens Transportakte Nr T27473/1997 |

Vir die uitsluitlike doel om met bosboubedrywighede op die bogemelde eiendom te kan voortgaan.

SOOS MEER VOLLEDIG sal blyk uit gesegde Notariële Akte Nr K498/2003

(Welke Serwituut, die middellyn daarvan, nou voorgestel word deur die lyn bcd en ab onderskeidelik op Kaart Nr LG 589/2004 aangeheg hierby)

/.

EN DAT kragtens hierdie Sertifikaat, genoemde

**ONE TURN TRADING 41 (EIENDOMS) BEPERK**
**NO 2002/029957/07**

diese opvolgers in titel of regverkrygendes

NOU en VOORTAAN daartoe geregtig is ooreenkomstig plaaslike gebruik, maar behoudens die regte van die Staat.

**TEN BEWYSE WAARVAN** ek, voornoemde Registrateur, hierdie Akte onderteken en met die ampseël bekragtig het.

**ALDUS GEDOEN en GETEKEN** op die kantoor van die Registrateur van Aktes, te KAAPSTAD op 18 Oktober 2004.

**REGISTRATEUR VAN AKTES**

**VERBIND MORTGAGED**

VIR
FOR R 8 190 937.00

B 000083966 / 2004

18-OCT 2004

REGISTRATEUR/REGISTRAR

**VERBIND MORTGAGED**

VIR
FOR R 8 190 937.00

B 000083967 / 2004

18 OCT 2004

REGISTRATEUR/REGISTRAR

Endorsement

By virtue of Notarial Deed of Servitude K 1056/2004, dated 30.08.04 the within-mentioned property is subject to a pre-emptive rights ~~not~~ in favour of Sasol Oil (Pty) Ltd. The property shall not be sold, leased, mortgaged or otherwise alienated without the written consent of Sasol, with ancilliary rights.

Deeds Office
Cape Town

Registrar of Deeds

VIR ENDOSSEMENTE KYK BLADSY 7 ET SEQ
FOR ENDORSEMENTS SEE PAGE

Endorsement

By virtue of Notarial Deed of Servitude No K1097/2004, dated 30.08.04 - The within property is subject to a restraint in favour of Sasol Oil (Pty) Ltd. The property shall not be used for purposes of storing, handling selling or distribution of petroleum products, other than Sasol products or approved products, with ancillary rights.

Deeds Office
Cape Town

Registrar of Deeds.

18 OCT 2004

DIE NAAM VAN DIE / THE NAME OF THE

Erenoor

IS VERANDER NA / HAS BEEN CHANGED TO

Garden Route Gateway Plaza (Pty) Ltd

BC 83351/05

REGISTRATEUR/REGISTRAR

VIR ENDOSSEMENTE KYK BLADSY
FOR ENDORSEMENTS SEE PAGE 8

VERBIND MORTGAGED

VIR
FOR R 449 063,00

B [illegible] 5 / 2005

08 NOV 2005

REGISTRATEUR/REGISTRAR

This Bond ranks Prior to B83967/2006

VERBIND MORTGAGED

VIR
FOR R 449 063,00

B 001 [illegible] 5 / 2005

REGISTRATEUR/REGISTRAR

0[illegible]